



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**FEBRUARIE/MAART 2014**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:  

AFDELING A: LEESBEGRIP (VRAAG 1)	(30)
AFDELING B: OPSOMMING (VRAAG 2)	(10)
AFDELING C: TAAL (VRAAG 3, 4 en 5)	(40)
2. Lees ALLE instruksies baie goed.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Trek 'n streep na elke afdeling.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.
8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP****VRAAG 1****TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**WAT JY OOR BOELIES MOET WEEET**

[Uit: [www.google.com](http://www.google.com)]

- 1 Volgens die woordeboek is 'n boelie iemand wat óf vir jou as individu óf 'n groep mense intimideer of manipuleer. Die woordeboek beskryf die manier waarop boelies teenoor mense optree, as onmenslik. Boelies probeer jou seermaak deur jou lelike name te noem. Verder wil boelies jou laat voel jy is nie deel van die gewilde groep nie. Om jou in hulle mag te kry, gebruik hulle soms hul vuiste of woorde wat seermaak.
- 2 Navorsers wou uitvind hoekom party mense boelies is. Tydens hulle navorsing het hulle belangrike feite ontdek. Hulle het gevind dat boelies in sommige gevalle arrogante mense is en net aan hulleself dink. Boelies voel goed wanneer hulle jou seermaak. In ander gevalle voel boelies dikwels dat hulle nie goed genoeg is nie en hulle doen hierdie lelike dinge om te voel dat hulle in beheer is. Baie boelies het aggressiewe rolmodelle by die huis en dit is die rede waarom hulle nie leer hoe om hulle eie woede te hanteer of probleme sonder geweld op te los nie.
- 3 Volgens navorsers sal kinders wat by die huis mishandel word, dikwels by die skool kleiner maatjies seermaak om hulle eie gevoelens te probeer hanteer. Soms weet boelies nie eers hoe hulle gedrag jou seermaak nie. Hulle probeer jou "kleiner" maak om beter oor hulleself te voel.
- 4 Jy weet jy word geboelie wanneer iemand jou op 'n lelike manier terg. Boelies wil jou graag forseer om iets te doen wat jou ongemaklik laat voel. Hulle neem dikwels jou besittings van jou af weg of breek iets wat vir jou belangrik is. Boelies kan jou ook van 'n groep uitsluit deur jou te ignoreer en jou sleg te laat lyk. Hulle vertel graag leuens oor jou.

- 5 Boelies kan jou met behulp van 'n selfoon boelie. Hulle gebruik *Mxit* en *WhatsApp* om lelike boodskappe oor jou rond te stuur. Om jou op hierdie manier seer te maak, is net so erg soos enige fisiese manier. In die verlede het boelies lelike boodskappe versprei deur briefies in die klas rond te stuur. Vandag versprei hulle slegte boodskappe per selfoon.
- 6 As jy fisies geboelie word, moet jy nie terugskree, slaan of lelike dinge sê as die boelie dit aan jou doen nie. Sê duidelik vir die boelie om op te hou. Jy kan ook probeer om die boelie te vermy of te ignoreer. Hou 'n dagboek van al die insidente. Dit kan jou beter laat voel om dit neer te skryf. Verder kan jy al die inligting as bewyse teen die boelie gebruik wanneer jy gereed is om met iemand daaroor te praat. Jy kan ook hulp by jou onderwysers vra om die boelie te hanteer.
- 7 Onderwysers wat Lewensoriëntering aanbied, gee die volgende wenke as iemand jou deur middel van moderne tegnologie boelie:
- Vertel iemand wat jy vertrou, daarvan.
  - Hou al die lelike boodskappe en foto's. Jy kan die inligting gebruik om die boelie op te spoor.
  - Moenie die boelie se privaatheid skend deur byvoorbeeld lelike stories oor hom/haar aan ander mense te stuur as jy geboelie word nie. As jy so optree, gedra jy jouself net soos die boelie.
  - Verander jou selfoonnommer of stel jou profiel op *Facebook* privaat as die boelie se optrede te erg raak.
- 8 Volgens sielkundiges kan kinders wat geboelie word, emosionele of gedragsprobleme ontwikkel. Party kinders raak teruggetrokke, want hulle kan nie oor die mishandeling wat hulle by die skool verduur, praat nie. Dit kan ernstige gevolge hê, soos selfmoordpogings.







[Verwerk uit *Huisgenoot*, 13 September 2012]

- 1.1 Hoekom noem 'n boelie jou lelike name? Gee 'n rede uit paragraaf 1. (1)
- 1.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Die uitdrukking “gebruik hulle soms hul vuiste” (paragraaf 1) beteken hulle ...
- A werk baie hard.  
 B wys lelike tekens.  
 C slaan ander mense.  
 D beduie met hulle hande. (1)
- 1.3 “Baie boelies het aggressiewe rolmodelle by die huis ...” (Paragraaf 2)
- 1.3.1 Wat verstaan jy onder 'n *aggressiewe rolmodel*? Gee aandag aan albei woorde in jou antwoord. (2)
- 1.3.2 Watter TWEE gevolge het aggressiewe rolmodelle op 'n boelie se gedrag? (2)

- 1.4 Boelies probeer ander mense “kleiner” maak om beter oor hulleself te voel.  
(Paragraaf 3)
- 1.4.1 Word die woord “kleiner” LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)
- 1.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.4.1 deur te verduidelik wat in hierdie konteks met “kleiner” bedoel word. (1)
- 1.5 Watter TWEE dinge doen ’n boelie dikwels met iemand anders se besittings? (2)
- 1.6 Hoe verskil die manier waarop boelies VANDAG slegte boodskappe stuur van die manier hoe hulle dit in die VERLEDE gedoen het? (2)
- 1.7 In paragraaf 6 kry jy die raad om dieselfde aan ’n boelie te doen as wat hy/sy aan jou gedoen het.
- 1.7.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.7.1 deur te verwys na die raad wat jy behoort te volg. (1)
- 1.8 Op watter TWEE maniere sal dit jou help om in jou dagboek te skryf as jy geboelie word? (2)
- 1.9 Lees die laaste twee sinne van paragraaf 8.  
Wat kan uiteindelik met sekere kinders gebeur as hulle nie sê dat hulle geboelie word nie? (1)
- 1.10 Waarom kan ’n mens sê dat die prentjie by hierdie leesstuk ’n voorbeeld van stereotipering is? (1)
- 1.11 Waarom kan die leser aanvaar dat die inligting in hierdie artikel feitelik is? (1)
- 1.12 Watter waarde kan hierdie artikel vir ’n boelie hê? (1)

**TEKS B: GRAFIESE VOORSTELLING**

Hierdie teks stel die drie orkane wat Amerika tussen 2005 en 2012 getref het, voor. Bestudeer hierdie grafiese voorstelling en beantwoord dan die vrae wat volg.

<b>KATRINA 2005</b>	<b>IRENE 2011</b>	<b>SANDY 2012</b>
		
<b>Augustus 2005</b>	<b>Augustus 2011</b>	<b>Oktober 2012</b>
<b>Windspoed 260 km/h</b>	<b>Windspoed 140 km/h</b>	<b>Windspoed 140 km/h</b>
Dit het die staat Florida in Amerika getref en het die meeste skade aangerig.	Dit het die stad New Jersey in Amerika getref en vloede veroorsaak.	Een van die grootste orkane wat die Mid-Atlantiese streek nog ooit getref het.
<b>VLOEDGOLF (IN METER)</b>	<b>VLOEDGOLF (IN METER)</b>	<b>VLOEDGOLF (IN METER)</b>
		
DODETAL 1 833	DODETAL 56	DODETAL 183+
SKADE IN BILJOEN R918	SKADE IN BILJOEN R134,5	SKADE IN BILJOEN R425+

<b>STATISTIEK OOR SANDY</b>			
<b>50 MILJOEN</b> Soveel mense het as gevolg van Sandy gely.	<b>70%</b> Die persentasie inwoners van Jamaika wat ná Sandy sonder elektrisiteit was.	<b>8,3 MILJOEN</b> Die getal mense in Amerika wat ná Sandy sonder elektrisiteit was.	<b>200 000</b> In Haïti is soveel mense weens die orkaan, Sandy, sonder huise.
<b>10</b> Sandy was die 10de orkaan in 2012 se Atlantiese stormseisoen.	<b>25%</b> Sandy het 'n kwart van die selfoontorings aan die ooskus van Amerika verwoes.	<b>70%</b> Dié persentasie vulstasies in New Jersey was buite werking.	<b>50 000</b> Die getal oproepe elke halfuur na die noodnommer 911 nadat Sandy New York getref het.
[Verwerk uit <i>Huisgenoot</i> , 15 November 2012]			

- 1.13 Hoeveel jaar na Katrina het die volgende orkaan Amerika getref? (1)
- 1.14 Tydens watter orkaan het die meeste mense gesterf? (1)
- 1.15 Vergelyk Katrina se vloedgolf met Sandy s'n.
- 1.15.1 Hoe het die hoogte van Katrina se vloedgolf van Sandy s'n verskil? (2)
- 1.15.2 Watter geldelike skade het Irene vir Amerika veroorsaak? (1)
- 1.16 Waaruit lei jy af dat die meeste inwoners van Jamaika na Sandy sonder elektrisiteit was? Gee jou antwoord in 'n volsin. (1)
- 1.17 Hoe weet jy dat die mense aan die ooskus van Amerika na die orkaan, Sandy, probleme met hulle selfoonopvangs gehad het? (1)
- 1.18 Hoe weet die leser dat die mense van New York na die orkaan, Sandy, hulp kon kry? (1)
- 1.19 Watter impak het die groot en vetgedrukte letters by die statistiek van die *Sandy*-orkaan op die leser? (1)
- 1.20 Watter waarde het dit vir die leser dat TEKS B visueel aangebied is? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 2: 'N SUKSESVOLLE WERKSONDERHOUD**

Die artikel hieronder gee wenke oor wat jy kan doen om 'n suksesvolle werksonderhoud te hê. Lees hierdie artikel aandagtig deur. Voer dan die instruksies hieronder uit.

**INSTRUKSIES**

1. Som die sewe **wenke** in SEWE sinne op.
2. Skryf die feite PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die sinne van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C: 'N SUKSESVOLLE WERKSONDERHOUD**

Enige mens is senuweeagtig as jy vir 'n onderhoud moet gaan. Gelukkig is daar 'n paar wenke om te onthou wat kan help dat die onderhoud baie goed verloop.

Begin deur soveel moontlik oor die maatskappy uit te vind, soos byvoorbeeld hoe groot die maatskappy is en hoe goed die maatskappy presteer. Die Internet is 'n waardevolle bron om inligting oor 'n maatskappy te kry.

Onthou die uitdrukking, die vere maak die voël. Dié uitdrukking beteken dat jou klere iets oor jou sê. Maak seker jy is netjies aangetrek as jy vir 'n onderhoud gaan.

Groet die persoon wat jou ontvang, vriendelik. Jy sal verbaas wees hoeveel mag dié persoon dalk oor die direkteur van die maatskappy het. Die persoon wat jou ontvang, het dalk nie die mag om die besluit oor jou pos te neem nie, maar dit sal goed wees om op die regte voet te begin.

Wie sal ooit beïndruk word deur iemand wat laat vir 'n onderhoud opdaag? Daag 'n kwartier voor die onderhoud op. Dit sal jou tyd gee om te ontspan voordat die onderhoud begin. Die direkteur sal jou baie vrae vra. Jy moet ook jou eie vrae voorberei om te vra, want dit sal wys dat jy inisiatief het en geïnteresseerd is om meer oor die pos uit te vind.

Maak seker dat jou liggaamstaal 'n positiewe indruk skep. Dit sal die direkteur 'n idee gee van die tipe persoon wat jy is. As jy onseker oor enige vraag is, vra vir 'n verduideliking. 'n Verkeerde antwoord kan 'n negatiewe indruk skep.

Volg hierdie wenke en jou onderhoud sal suksesvol wees.


[Uit [www.pietventer.ciskanol.com](http://www.pietventer.ciskanol.com)]

**TOTAAL AFDELING B: 10**



**AFDELING C: TAAL****VRAAG 3: ADVERTENSIE****TEKS D**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Daar is opsetlike taalfoute in die advertensie.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.



**Lening  
Nodig?**

**SWOT  
SONDER  
STRES!**


- (3.5) 'n Rentekoers teen 7% wat jou sak pas
- Maklike opsies vir terugbetaling (12–60 maande)
- (3.6) Gratis boeksak met elke lening
- Een gelukkige aansoeker kan 'n skootrekenaar wen.

**(3.7) Maak net seker jy het die volgende wanneer jy aansoek doen:**

- **Identiteitsnommer**
- **Bankbesonderhede**
- **Een verwysing**
- **Kontakbesonderhede**

**(3.9) SKAKEL ONS SO GOU MOONTLIK!**

**0861 66 55 22**



[www.rcsgroep.co.za](http://www.rcsgroep.co.za)

[Uit: *Huisgenoot*, 15 November 2012]

- 3.1 By watter instansie kan 'n mens aansoek doen vir 'n lening om verder te gaan studeer? (1)
- 3.2 Wat is die funksie van die retoriese vraag in hierdie advertensie? (1)
- 3.3 Noem TWEE maniere waarop die adverteerder die leser probeer oorreed om hierdie lening aan te gaan. (2)
- 3.4 Wie is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)
- 3.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- 'n Rentekoers teen 7% wat jou sak pas. Dit beteken jy kan die rentekoers ...
- A bekostig.  
B gebruik.  
C uitgee.  
D spaar. (1)
- 3.6 Voltooi die sin deur die korrekte VOORNAAMWOORD in te vul. Skryf slegs die woord as antwoord neer.
- Die RCS-groep sal vir ... ook 'n gratis boeksak gee as jy die lening aangaan. (1)
- 3.7 Verbeter die spelfout in die advertensie. Skryf slegs die woord as antwoord neer. (1)
- 3.8 Haal 'n voorbeeld van sleng uit die advertensie aan. Skryf slegs die slengwoord as antwoord neer. (1)
- 3.9 Verdeel die onderstreepte woord in lettergrepe. Skryf slegs die woord as antwoord neer.
- Skakel ons so gou moontlik. (1)

**[10]**



- 4.7 Gee EEN WOORD vir die onderstreepte woorde. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Ek lees hier dat ouer karre elke jaar 'n toets moet slaag.

(1)

- 4.8 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Die man se laaste woorde in raampie 2 is (manipulerend/seksisties).

(1)

**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

### TEKS F

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

#### (5.1) INTERESSANTE FYTE OOR SOEN

- (5.2) Die Romeine het snaakse dinge geglo. Ja beslis! Hulle het gesê dat jy 'n donkie op sy neusgat moet soen. As jy dit doen, sal jou verkoue verdwyn.
- In Ierland is 'n spesiale klip wat die Blarney-klip genoem word. (5.4) Duisende mense soen hierdie klip. Die Iere glo die klip het magiese kragte. (5.5) Dit het glo die (lyers/leiers) van Ierland gehelp om met wysheid te heers.
- Die antieke Grieke was die eerstes wat mekaar onder die mistel 'n (5.6) soen gegee het. (5.7) Hierdie tradisie bring geluk. (5.8) Jy moet gesoen word, want jy sal definitief 'n troumaat kry.
- (5.9) In Duitsland mag jy 'n vreemdeling soen. (5.10) Jy moet net jou familie soen. Steek eerder jou hand uit om te groet.
- Het jy al gehoor hoe die Eskimo's soen? Hulle vryf hulle neuse teen mekaar. Is dit nie die (5.11) vreemd manier van soen nie?
- Diere het ook bepaalde maniere van soen. (5.12) Sjimpansees soen mekaar (op die mond/dikwels/sag) om hulle liefde te bewys.
- Is dit dan nou nie 'n paar (5.13) goed redes waarom daar gesoen moet word nie?



[Verwerk uit *Huisgenoot*, 23 Februarie 2012]

- 5.1 Verbeter die SPELFOUT in die opskrif. Skryf slegs die korrekte spelling as antwoord neer. (1)
- 5.2 Verander die STELSIN hieronder na 'n VRAAGSIN. Die onderstreepte gedeelte is die antwoord op jou vraag.  
Die Romeine het snaakse dinge geglo. (1)
- 5.3 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.  
Hulle het gesê dat jy 'n donkie op sy neusgat moet soen.  
**Skryf die hele sin oor en begin só:** Hulle het gesê ... (2)
- 5.4 Skryf die sin oor in die LYDENDE/PASSIEWE vorm.  
Duisende mense soen hierdie klip.  
**Skryf die hele sin oor en begin só:** Hierdie klip ... (1)
- 5.5 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.  
Dit het glo die (lyers/leiers) van Ierland gehelp om met wysheid te heers. (1)
- 5.6 Gee die VERKLEININGSVORM van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.  
Die antieke Grieke was die eerstes wat mekaar onder die mistel 'n soen gegee het. (1)
- 5.7 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.  
Hierdie tradisie bring geluk. (1)
- 5.8 Skryf die sin hieronder oor en vervang die onderstreepte VOEGWOORD met DAN.  
Jy moet gesoen word, want jy sal definitief 'n troumaat kry. (1)
- 5.9 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.  
In Duitsland mag jy 'n vreemdeling soen. (1)
- 5.10 Skryf die sin oor in die INFINITIEF.  
Jy moet net jou familie soen.  
**Skryf die hele sin oor en begin só:** Jy behoort ... (1)
- 5.11 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.  
Is dit nie die vreemd manier van soen nie? (1)

5.12 Skryf die volgende sin in die KORREKTE WOORDORDE neer.

Sjimpansees soen mekaar (op die mond/dikwels/sag) om hulle liefde te bewys.

**Skryf die hele sin oor en begin só:** Sjimpansees soen ... (1)

5.13 Gee die korrekte vorm van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Is dit dan nou nie 'n paar goed redes waarom daar gesoen moet word nie? (1)

## TEKS G

Die taalvrae wat volg, is op die prent en aangepaste woordeboekinskrywings hieronder gebaseer.

### DIT IS TYD OM TE SPEEL!



[Uit *Vrouekeur*, 16 November 2012]

Bestudeer die woordeboekinskrywings wat met die woord “speel” verbind word en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

**speel (ww.) (gespeel)** Jou vermaak; iets doen om jou aangenaam besig te hou – veral gesê van kinders  
**speel-speel (bw.)** Al spelende, iets maklik kan doen  
**spelende (b.nw.)** Besig om te speel, in die proses om te speel. Maklik en sonder inspanning  
**spelerig (b.nw. en bw.)** Geneig tot speel, wil die hele tyd speel  
**speletjie (s.nw.), (-s)** Verkleinwoord vir spel. 'n Spel wat gespeel word  
**speling (s.nw.), (-s, -e)** Beweegruiimte  
**verspeelde (bw.)** Verloor jou kans om te speel

[Aangepas uit *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*]

Kies telkens die WOORD uit die woordeboekinskrywings wat die BESTE pas om die volgende sinne te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die woord as antwoord neer. MOENIE dieselfde woord meer as EEN keer gebruik NIE.

- 5.14 Die ... kind lyk baie gelukkig met haar tjoeka-trein. (1)
- 5.15 Sulke klein kindertjies is gewoonlik baie ... (1)
- 5.16 Om met 'n trein te speel, is nie die enigste ... waarvan sy hou nie. (1)
- 5.17 Die dogtertjie sal ... ook die treinspoor kan regmaak. (1)
- 5.18 Grootmense is dikwels jammer oor hulle ... kansse as dit by speelyd kom. (1)
- 5.19 Grootmense het nie so lekker ... soos vandag se kinders nie. (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**  
**GROOTTOTAAL: 80**